# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 22 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 29 AUG 2025




## SEP

**1** — GRAAD 12: REKORDEKSAMEN BEGIN

**5** — SPORT EN KULTUUR DINEE

**13** — SPORT: JF 7'S, FAST 5 TOERNOOI


**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# September 2025

| MON | TUE | WED | THU | FRI | SAT | SUN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>Graad 12: Rekordeksamen begin | 2<br>Afrikaans: Junior olimpiade | 3<br>JF FJ<br>Tennis: 3de liga meisies vs ST Michaels (weg) | 4<br><br>Graad 12: Rekordeksamen | 5<br>Rasieleiers: Bekendstelling<br>SPORT & KULTUUR DINEE | 6<br>Landloop: SA-kampioenskappe<br>Rugby: Sentraal 7's<br> | 7 |
| 8<br>VRL: Bekendstelling<br>Graad 12: Rekordeksamen | 9 | 10<br><br>JF FJ<br>Tennis: 3de liga meisies vs Eunice<br>Graad 12: Rekordeksamen | 11 | 12 | 13<br>Atletiek: AFS Liga 7<br>JF 7's, fast 5 toernooi<br> | 14 |
| 15<br>EKSAMEN BEGIN | 16<br><br><br>Graad 12: Rekordeksamen | 17<br>EKSAMEN | 18<br>Graad 12: Rekordeksamen<br>EKSAMEN | 19 | 20<br><br> | 21 |
| 22<br><br>Graad 12: Rekordeksamen<br>EKSAMEN | 23<br>EKSAMEN | 24<br>Graad 12: Rekordeksamen<br>EKSAMEN | 25<br>EKSAMEN | 26 | 27<br>DAGBOEK DIE DATUM: | 28 |
| 29<br>EKSAMEN | 30<br>Graad 12: Rekordeksamen<br>EKSAMEN | 1<br><br>EKSAMEN | 2<br>EKSAMEN | 3<br>SKOOL SLUIT | <br> | |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

***Met 1 September om die draai en lente in die lug, groet ek die JF-gemeenskap met 'n dankbare hart vanuit die kantoor. Die sportligas van die winterseisoen is afgehandel en ons kan terugkyk op 'n baie geseënde en suksesvolle sportseisoen. Baie geluk aan al die spanne wat as ligawenners uit die stryd getree het, maar ook aan elke leerder wat presteer het, party tot op provinsiale en nasionale vlak. Baie dankie vir ure se toewyding, harde werk en die positiewe gesindheid waarmee jul JF verteenwoordig het.***

*Die Wesgrow Sentrale Skole Sportreeks het uitsonderlike prestasies opgelewer deurdat JF aangewys is as die topskool in seunshokkie en ook as die algehele beste hokkieskool in die reeks. JF se netbal behaal 'n uitstekende tweede plek. JF eindig tweede in die Wesgrow reeks van 2025. #TrotsJF*

*Hier is sommer net 'n bietjie perspektief oor die omvang van die Wesgrow Sentrale Sportreeks. Ongeveer 400 leerders per skool neem per naweek deel aan die reeks. 8 skole is betrokke en daar word op 28 internaweke meegeding. Daar is 112 netbalspanne, 96 hokkiespanne en 72 rugbyspanne betrokke, en die totale getal leerders wat deelneem is 1008 netbal-, 1080 rugby- en 1344 hokkiespelers. Die massadeelname, wat een van die hoofdoelstellings van die reeks is, slaan 'n mens se asem weg.*

*Baie dankie aan elke onderwyser en buiteafrigter wat bygedra het tot die 2025 seisoen. Dankie dat jul glo in geheelmensontwikkeling en al die geleenthede wat jul geskep het vir ons leerders om deel te neem en as mens/speler te ontwikkel. Baie dankie aan al die ouers wat moes bontstaan om die leerders op die regte plekke te hê, hulle deur dik en dun ondersteun het, maar veral die positiewe sportmanskap wat julle deur die 2025-seisoen openbaar het… Baie baie dankie!*

In Engels praat hul van die "unsung heroes" en hier by JF wil ek graag hulde bring aan al die landloopatlete, potspelspelers, skaakspelers, trompoppies, redenaars en debatspanne, leerders wat aan buiteskoolse sport deelneem en die lys gaan aan en aan…. Julle wat met baie selfdissiplne moet oefen, en dalk nie so gereeld op die skool se radar verskyn nie, weet net: Ek is ontsettend trots op elkeen van julle! Baie geluk ook aan JF se twee toneelproduksies wat pragtige spel gelewer het en verskeie toekennings ontvang het by die kompetisies waaraan hul deelgeneem het. JF se Facebook en Instagram het baie volledig hieroor berig gelewer.

Ek wil u graag uitnooi na JF se "Vat Vlam" aand, saam met Barto. Hierdie is unieke geleentheid om as JF gemeenskap saam te kom kuier, 'n braai te geniet en lekker musiek te maak, net soos verlede jaar saam met Brendan Peyper. Daar is min sulke geleenthede in die jaar en daarom is ons opgewonde om hierdie geleentheid deel van ons jaarlikse program te maak. U ondersteuning sal hoogs waardeer word. Alle inligting rakende hierdie aand verskyn later in die weekbrief.

Baie sterkte aan die matrieks van 2025 wat komende Maandag, 1 September 2025, met hul rekordeksamen begin. Met al die aktiwiteite wat vir hul klaarmaak, is ek dankbaar dat daar nou eenhonderd present op die akademie gefokus gaan word. Brand die middernagolie; dit is die moeite werd, en mag jul oes oorvloedig wees op dit wat jul gesaai het. Die res van die skool begin op Maandag
15 Septemeber 2025 met hul eksamen.

**Ek sluit af met die volgende aanhaling:**

> Show respect to people even when they don't deserve it. Respect is a reflection of your character, not theirs.

**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

JF LEEF MET
WAARDE VAN DIE WEEK
# Waarde




## Vertrou op God se Plan

Opening: Donderdag 28 Augustus 2025:
Vertrou op God se Plan

God sien dinge wat ons nie kan sien nie. Hy weet van dinge waarvan ons geen kennis het nie. Net God weet wat die beste plan vir ons lewens is en wat dit alles gaan verg om ons daar te kry.

En bowenal weet Hy: as ons die hele pad vooruit kon sien, sou ons halfpad stop en nooit kies om met Sy plan voort te gaan nie. Ons sou dink die koste is te hoog, die pad te vreesaanjaend, die reis te oorweldigend en die vyand te skrikwekkend.

Daarom roep God ons om Hom te vertrou — nie net wanneer dit maklik is nie, maar veral wanneer dit moeilik raak. Ons moet ons oë op Jesus hou en onthou dat Sy plan altyd beter is as ons eie. Vertrou beteken nie altyd verstaan nie — dit beteken om vas te hou, selfs al voel jy onseker.

Bybelvers:
**“Vertrou op die Here met jou hele hart en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen, en Hy sal jou die regte pad laat loop.”**
– Spreuke 3:5-6

Gebed:
*Here Jesus, dankie dat U ’n plan het vir elkeen van ons – ’n goeie, liefdevolle plan. Vergewe ons wanneer ons twyfel en ons eie pad wil volg. Help ons om U te vertrou, selfs al verstaan ons nie alles nie. Asseblief, lei ons vandag met wysheid, moed en geloof. Maak ons harte stil en vol vertroue, sodat ons elke stap saam met U sal stap.*
*Ons vra dit in die Naam van Jesus.*
*Amen.*

# MA`S WAT OMGEE



**Vandat die wêreld gemaak is, het geen oor gehoor of oog ‘n God gesien soos U, wat doen wat U doen vir dié wat op U vertrou nie.**

JES. 64:4

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# VAKKEUSES: PERSOONLIKE FAKTORE OM IN AG TE NEEM

Vakkeuses is ‘n belangrike, persoonlike besluit wat elke gr. 9-leerder moet neem. Die persoonlike faktore wat 'n leerder in aanmerking kan neem, is soos volg:

- Akademiese vermoë

Sekere vakke stel hoër eise as ander aan 'n leerder. Dit blyk reeds duidelik sedert die laerskool dat leerders se potensiaal en punte verskil. Daarom is dit belangrik om in graad 9 baie hard te werk, om sodoende te weet waartoe jy in staat is – hoe beter jou prestasies, hoe groter jou keuse.

- Aanleg

Aanleg verwys na jou “natuurlike aanvoeling.” Dit kan gemeet word om meer sekerheid te help verleen tydens vakkeuses. Dit bestaan uit 11 verskillende subtoetse en die korrekte interpretasie hiervan, deur ‘n kundige, is belangrik. Sommige beroepe vereis ‘n baie spesifieke aanleg, bv. argitektuur, musikant, ensovoorts.

- Belangstelling

Belangstelling verwys na die relatief konstante gerigtheid teenoor ‘n bepaalde aktiwiteit. Dit impliseer jou ingesteldheid teenoor die aktiwiteite en hoe baie jy daarvan hou om hierdie aktiwiteit uit te voer en daaraan deel te neem. In aktiwiteite, take en/of vakke waarin jy meer belangstel, sal jy geneig wees om harder te werk en ook beter te presteer.

- Persoonlikheid

Alhoewel kundiges glo dat ‘n persoon se persoonlikheid ontwikkel tot op die ouderdom van 30 jaar, is ‘n individu se persoonlikheid die belangrikste faktor in die keuse van ‘n beroep. Dit bevorder ook selfkennis en verskaf ‘n beter begrip vir gedrag.



**Die persoonlike faktore wat 'n leerder in aanmerking kan neem is soos volg:**

- **Akademiese vermoë**
- **Aanleg**
- **Belangstelling**
- **Persoonlikheid**
- **Selfkennis**
- **Finansies**

- Selfkennis

Een van die kenmerkendste eienskappe van adolessente is dat hul selfkennis en selfinsig nog beperk is. Gesprekke met ouers, onderwysers en ander balangrike persone in die leerder se lewe, kan hierdie leemte vul. Nuwe uitdagings en verdere blootstelling uit jou gemaksone is ook van onskatbare waarde vir 'n leerder se selfkennis.

- Finansies

Tersiêre studies kan groot finansiële druk op studente plaas. Doen vroegtydig navorsing oor die finansiële vereistes en verpligtinge van verskeie instansies deur die instansie te kontak. 'n Verskeidenheid beurse en lenings is egter beskikbaar.

Vakkeuses behels om, soos met die bou van ‘n legkaart, die bogenoemde faktore saam in ag te neem om ‘n prentjie te vorm van die regte vakpakket vir jou. Ouers is welkom om LOO2 te skakel om ‘n afspraak te maak om vakkeuses verder te bespreek.



# STUDIEROOSTERS

## Eksamen hulp

- Daar word vir Graad 8 en 9 tydens die Junie, September en November eksamen studieroosters opgestel.
- Graad 10- 12 leerders kan induviduele roosters by LOO2 Terapeute aanvra.
- Leerders kan ook 'n afsrpaak maak om hulp te vra met Studiemetodes, Streshantering en Tydbestuur.

# VAKKEUSES

## Groep indelings

| Verpligte Vakke | Groep 1 | Groep 2 | Groep 3 | Groep 4 |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Wiskunde | Besigheidstudies | Lewenswetenskappe | Rekeningkunde |
| Engels | Wiskundige geletterdheid | Lewenswetenskappe | Rekeningkunde | Ingenieursgrafika en ontwerp |
| Lewensoriëntering | | Rekenaartoepassings-tegnologie | Rekenaartoepassings-tegnologie | Verbruiker-studies |
| | | Visuele Kuns | Toerisme | Besigheidstudies |
| | | Fisiese Wetenskappe | Ingenieursgrafika en ontwerp | Geografie |
| | | Geskiedenis | | Musiek |
| | | | | Dramatiese studies |

# VAKKEUSES

## Graad 9

- Vanaf Gr 10 -12 neem leerders drie verpligte vakke: Afrikaans (Huistaal), Engels (Eerste addisionele taal) en Lewensoriëntering
- Leerders kies nog drie vakke (een uit elke groep)
- Sommige vakke word in twee groepe aangebied om meer kombinasies moontlik te maak, maar n leerder kan nie dieselfde vak twee keer kies nie.

# VAKKEUSES

## Graad 9

- Leerders ontvang:
  - Aanlegtoets uitslae
  - Biografiese Vraelys
  - Rou punte van die Junie eksamen vir, Wisk, Rek, NW lewe en NW Materie

**Finale vakkeuses word via Google form gedoen, voor 13 Oktober**

# Akademie

# TP TELLING

## Toelatingspunt telling

| PERSENTASIE | Punt |
|---|---|
| 80-100% | 7 |
| 70-79% | 6 |
| 60-69% | 5 |
| 50-59% | 4 |
| 40-49% | 3 |
| 30-39% | 2 |
| 0-29% | 1/0 |

- Die punte wat jy in elke vak kry, wissel van 0 tot 100%.
- Elke punt word 'n telling gegee wat wissel van 1 tot 7, met 7 as die hoogste en 1 as die laagste.
- Byvoorbeeld, as jou punt in Wiskunde 45% is, dan is die puntetelling wat aan daardie punt toegeken word 3.
- Om jou totale puntetelling te kry, tel jy die TP telling van ses (LO word nie getel nie) van jou beste vakke bymekaar.

# SKEINAT KONVENSIE

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle uitstekende prestasies by die jaar se Skeinat Olimpiade



# Akademie

## GRAAD 12 -REKORDEKSAMEN

| Maand | Dag | 09:00 | 14:00 |
|---|---|---|---|
| September | 1 | **LO (DBE) (Finale vraestel) [2½ ure]** | |
| September | 2 | RTT (V1 - Prakties) [3 ure]<br>IT (V1 - Prakties) [3 ure] | |
| September | 3 | IGO (V1) [3 ure] | EKON (V1) [2 ure] |
| September | 4 | ENG HL/FAL (P2) [2½ ure] | |
| September | 5 | WISK (V1) [3 ure]<br>WWWG (V1) [3 ure] | |
| September | 6 | | |
| September | 7 | | |
| September | 8 | WISK (V2) [3 ure]<br>WWWG (V2) [3 ure] | |
| September | 9 | AFR (HT) (V3) [3 ure] | EKON (V2) [2 ure] |
| September | 10 | IGO (V2) [3 ure] | |
| September | 11 | BEST (V1) [2 ure] | |
| September | 12 | LW (V1) [2½ ure] | |
| September | 13 | | |
| September | 14 | | |
| September | 15 | LW (V2) [2½ ure] | |
| September | 16 | GEO (V1) [3 ure] | |
| September | 17 | BEST (V2) [2 ure] | AFR (HT) (V2) [2½ ure] |
| September | 18 | DRAMA [3 ure] | |
| September | 19 | FW (V1 - Fisika) [3 ure] | |
| September | 20 | | |
| September | 21 | | |
| September | 22 | FW (V2 - Chemie) [3 ure]<br>VISUELE KUNS [3 ure] | |
| September | 23 | RTT (V2 - Teorie) [3 ure]<br>IT (V2 - Teorie) [3 ure]<br>MUSIEK (V1 - Teorie) [3 ure] | GEO (V2) [3 ure] |
| September | 24 | VAKANSIEDAG | |
| September | 25 | ENG HL/ FAL (P3) [2 1/2 ure] | MUSIEK (V2) [1½ ure] |
| September | 26 | REK (V1) [2 ure]<br>VBS [3 ure] | |
| September | 27 | | |
| September | 28 | | |
| September | 29 | REK (V2) [2 ure] | |
| September | 30 | ENG HL/ FAL (P1) [2 ure] | TRSM [3 ure] |
| Oktober | 1 | AFR (HT) (V1) [2 ure] | |
| Oktober | 2 | DRAMA - PRAKTIES | |
| Oktober | 3 | | |

STERKTE!

# Akademie

## SKEINAT KONVENSIE

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle uitstekende prestasies by die jaar se Skeinat Olimpiade:

**Graad 10**




2de: Natasha de Waal



6de: Lineé Lubbe

**Graad 11**



2de: Rolani van den Berg

**Graad 12**



4de: Wihan Coertzen



7de: Jaco Deysel

#TROTSJF

## WISKUNDE

Baie geluk aan Lineé Lubbe (graad 10) wat eerste geëindig het by die jaar se 'Mangaung Metropolitan Education District' Wiskunde-kompetisie.



**BAIE GELUK, LINEÉ!**

#TROTSJF

## NAUTILUS

Baie geluk aan Natasha de Waal en Lineé Lubbe met hulle uitstekende prestasies by die jaar se 3de Nautiluskamp.

**Graad 10**



1ste: Natasha de Waal

**Graad 11 en 12**



1ste: Lineé Lubbe

#TROTSJF

# Kultuur

## DINK OF SINK DEBAT 2025-UITSLAE

Baie geluk aan die volgende twee sprekers wat ook 'n toekenning ontvang het vir die beste taalgebruik in hul lokaal.



Joah De Villiers



Jaco Deysel

Drie van JF se spanne het aan die Dink of Sink debatkompetisie deelgeneem. Twee van die spanne het na die provinsiale finaal deurgedring en tweede plek behaal.



Woordewapens (Jnr. span)

**Dirk Deacon, Joah de Villiers en Hannes Deacon**



Aanvallende anties en oom (Snr. span)

**Amoné Verwey, Lisa Botha en Jaco Deysel.**

# Kultuur





ALLEGRETTO
Toneelfees
FICH WEEK
SEMIFINAAL
TIENERTONEEL
Seisoen 2025
Hiermee word erkenning gegee aan
HOERSKOOL JIM FOUCHÉ SE
Wanneer die Wind Draai
Vir
TOP PRODUKSIE
RAchterbergh
Beoordeelaar
Organiseerder

# Kultuur









**Zanél Myburgh & Adelle Froneman** word vir beste verhoogbestuurder genomineer

**Hanro Snyman** word vir beste klankoperateur genomineer

**Kaylee Coetzee** word vir beste aktrise in 'n hoofrol genomineer

**Wanneer die wind draai** word vir beste tegniese aspekte genomineer

**Wanneer die wind draai** word vir beste drama genomineer

**Eduan Wolfe & Stella Nortier** word vir beste klanksamestel genomineer

**Stella Nortier** word vir beste Regie genomineer



**Kaylee Coetzee**
**&**
**Dian van Wyk**
**wen beste ensemble**

Dian van Wyk
**wen beste akteur in 'n hoofrol**



# Kultuur

## ALLEGRETTO Toneelfees

### FICH WEEK SEMIFINAAL

Produksie - Goud

Regie - Stella Nortier- Goud

Dramaturg - Izette Blignaut & Stella Nortier - Goud

Kostuumontwerp - Danielle Nortier & Stella Nortier - Silwer



Plakkaat - Danielle Nortier - Goud



Dekor - Stella Nortier - Goud

Grimering - Stella Nortier - Silwer

Beligtingsontwerp - Stella Nortier - Goud

Klanksamestel - Eduan Wolfe & Stella Nortier - Goud

Beligtingsoperateur - Wiehan du Plessis - Goud

Klankoperateur - Hanro Snyman - Goud

Verhoogbestuurders - Zanél Myburgh & Adelle Froneman - Goud

Verhooghulp - Mischa Goosen - Goud

Verhooghulp - JD van Zyl - Goud

Verhooghulp - Nicole van Schalkwyk - Goud

Tegniese aspekte - Goud

Ensemble - Kaylee Coetzee & Dian van Wyk - Goud





# Kultuur




**Wiehan du Plessis** wen beste beligtingsoperateur

**Stella Nortier** wen beste beligtingsontwerp

**Stella Nortier** wen beste dekor








# Kultuur

ALLEGRETTO
Toneelfees
FICH WEEK
SEMIFINAAL

Zoë Yzel - Verhoogbestuur - Silwer
Shiloh Smith - Verhooghulp - Silwer
Megan de Lange - Klankoperateur - Silwer
Elizri Malan en Megan de Lange - Klanksamestel - Silwer
Juan-Pierre Crous - Beligtingsoperateur - Silwer
Elizri Malan en Juan-Pierre Crous - Beligtingsontwerp - Silwer
Elizri Malan - Grimering - Goud
Elizri Malan - Kostuums - Goud
Jandré van der Walt - Spel - Silwer
Elanelle Strydom - Spel - Silwer
JD Joubert - Spel - Silwer
Suné Deacon - Spel - Goud
Bloedval - Ensemble - Silwer
Bloedval - Plakkaat - Silwer
Bloedval - Tegniese aspekte - Silwer
Bloedval - Choreografie - Goud
Elizri Malan - Regie - Silwer
Bloedval - Produksie - Silwer





Bloedval - nominasie - Beste produksie in genre
Bloedval - nominasie - beste Choreografie
Jandré van der Walt - nominasie - Beste akteur in 'n hoofrol
Elizri Malan - nominasie - Beste kostuumontwerp



## Elizri Malan

wen
beste
grimering





Bellissima bied aan:

# Huis Horison



Kaartjies is op Karri of by Juffrou Ilse (k.1) beskikbaar.

Golden Circle - R120
Gewone kaartjie - R80

Gaan bespreek jou plek by Juffrou Ilse.

18:30
JF-skoolsaal



## 28 & 29 Augustus 2025





RAAK DEEL VAN DIE

# BOEK KLUB







## BOEK-N'- SELFIE

Boek + selfie = groot "boekloning"

Beste selfie wen!

Beste selfie wen!







Neem 'n selfie saam elke boek wat jy al die jaar gelees het en stuur dit op die boekklub groep om in aanmerking te kom om 'n prys te wen.

# SPORT

## TENNIS

| | | |
|---|---|---|
| 13 Augustus | JF vs DIAMANTVELD | TUIS |
| 20 Augustus | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |
| 27 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------ | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT 2 | TUIS |

## SEUNS


**Tennis seuns derde liga het Woensdag teen Diamantveld verloor met 11 spelle**

# 3de LIGA KW 3

## DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 6 Augustus | OMS F vs JF | WEG |
| 13 Augustus | SENTRAAL vs JF | WEG |
| 20 Augustus | ZASTRON vs JF | WEG |
| 27 Augustus | JF VS LANDBOUDAL | TUIS |
| Sep 3, 2025 | ST. MICHAEL'S vs JF | WEG |
| Sep 10, 2025 | ------- | |
| Sep 17, 2025 | JF vs SPS BRANDFORT | TUIS |

**Tennis dogters derde liga het Dinsdag teen Sentraal verloor met 31 spelle**



#trotsJF

# SPORT

## DANS

**Baie geluk aan die volgende leerders met puik dansuitslae:**

**Simoné Visser** het die naweek (22 & 23 Augustus) aan die Reel Productions Eisteddfod deelgeneem en die volgende behaal:

Lyrical Solo – A
Tap Duo – A
Tap Solo – A+, asook kategorie wenner
Contemporary Solo – A+, asook kategorie wenner

**Kayla Labuschagne**
SADTA FREE STATE
Modern Solo 98%
Acro Solo 99%
Reel Productions Eisteddfod
Contempotary Solo A++
Acrobatic Solo A++











#trotsJF

## RUGBY


| | WESGROW | STADSLIGA |
|---|---|---|
| o/14 A | 7de | 3de |
| o/14 B | 4de | - |
| o/15 A | 7de | 3de |
| o/15 B | 7de | - |
| o/16 A | 4de | 2de |
| o/16 B | 5de | - |
| o/19 A | 4de | 2de |
| o/19 B | 7de | 3de |
| o/19 C | 8ste | 3de |

## HOKKIE

| | WESGROW | STADSLIGA |
|---|---|---|
| D o/14 A | 6de | 6de |
| D o/14 B | 4de | 9de |
| D o/16 A | 3de | 5de |
| D o/16 B | 4de | 3de |
| D o/16 C | - | 6de |
| D o/18 A | 5de | 3de |
| D o/18 B | 2de | 9de |
| D o/18 C | 1ste | 4de |
| S o/14 A | 3de | 4de |
| S o/14 B | - | 3de |
| S o/16 A | 2de | 3de |
| S o/16 B | 1ste | 1ste |
| S o/16 C | - | 2de |
| S o/18 A | 1ste | 3de |
| S o/18 B | 3de | 2de |

## NETBAL

| | WESGROW | STADSLIGA |
|---|---|---|
| o/14 A | 5de | 5de |
| o/14 B | 3de | 3de |
| o/14 C | 2de | 3de |
| o/14 D | - | 2de |
| o/15 A | 5de | 3de |
| o/15 B | 6de | 4de |
| o/15 C | 3de | 4de |
| o/15 D | - | 3de |
| o/16 A | 3de | 4de |
| o/16 B | 1ste | 3de |
| o/16 C | 2de | 2de |
| o/16 D | - | 3de |
| o/17 A | 4de | 3de |
| o/19 A | 3de | 3de |
| o/19B | 7de | 3de |
| o/19 C | 1ste | 1ste |
| o/19 D | 4de | 2de |




*Meer as 'n skool, dit is 'n leefwyse!*







# WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS



## EINDIG ALGEHEEL TWEEDE

*JF meer as net 'n skool, dis 'n leefwyse ...*

## HOKKIE - ALGEHELE WENNER
## SEUNSHOKKIE - ALGEHELE WENNER

### LIGAWENNERS:

o/16 B-netbal
o/18 C-netbal
o/16 B-hokkie (seuns)
o/18 C-hokkie (dogters)
o/18 A-hokkie (seuns)

WES grow EST. 1964

novus media community news
vkb
skilltracer Achievers in Motion
UFS

# SPORT

# ATLETIEK



Franzelle Barnard neem vanaf 23 - 28 Augustus aan die COSSASA Spele teen ander Afrika-lande in Swaziland deel.

Op Maandag,
25 Augustus,
wen Franzelle goud
in die hoogspring
(dogters o/16)
met 'n hoogte van 1.68m .






# JF SPORT




# KRAGOPTEL




**Conrad van der Zwaard neem deel aan die AWPC-Wêreldkampioenskappe in Idaho, Amerika.**
**Hy verbeter een SA-rekord en twee wêreldrekords.**

*Squad* 220kg
*Bench Press* 132, 5kg (SA-rekord)
*Deadlift* 238kg (wêreldrekord)
Totaal 590,5kg (wêreldrekord)

# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## SPORTBORGE 2025

## RUGBY - NETBAL - HOKKIE

KONICA MINOLTA

Bidvest

KWIKSPAR

GARDENIA

SHC CONSULTING ENGINEERS

STONEY'S
Wheel & Tyre

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op



# POTCH: DIE GRAAD 11'S GAAN GROOT!

Die klok lui vir die tweede laaste periode.Die klank van haastige voetstappe en opgewonde gesprekke kan regoor Hoërskool Jim Fouché gehoor word, en dit is beslis nie omdat hulle op pad klas toe is nie ... Potch-kamp wag!
Sestig graad 11-leerlinge van JF het 'n kans gekry om hierdie jaar die Potch-kampus te besoek. Potch-kamp word beskryf as 'n persoonlikheidsontwikkelingsgeleentheid, maar dit is meer as dit. Dit is 'n kans om weer 'n bietjie asem te haal in 'n besige derde kwartaal sodat die leerlinge weer hul voete kan vind, meer oor leierskap kan leer, en dan natuurlik hulself sommer gate uit kan geniet.
Dié 60 leerlinge het die voorreg gehad om die Universiteit van Noord-Wes te besoek – of sommer in plein Afrikaans - die Pukke! Hulle is oor die hele kampus begelei, wat die fakulteite, koshuise, sportvelde, ensovoorts, insluit. Elke leerling het ook 'n pakkie van die toergids ontvang, waarin meer inligting was oor enige vraag wat dalk sou opduik.
By die Fakulteit van die Buitenste Ruimte is daar meer geleer oor die geheime van die heelal. Die opgewonde graadelfs het ook 'n kans gekry om die son van naderby deur 'n sonteleskoop te beloer. Dié uitstappie het sommige leerders so begeester dat die moontlikheid nie uitgesluit is vir JF om 'n toekomstige ruimtevaarder op te lewer nie!
Die opgewondenheid was groot toe die universiteit se gelukbringer ('n arend) die leerlinge verras het met 'n paar kreatiewe danspassies en 'n luidspreker wat kliphard musiek speel. Die leerlinge wat saam gedans het, het ook geskenkies ontvang.Maar hou vas aan jou stoel, want dit is nog nie die beste deel nie.
Soos ons almal hier by JF weet, is daar twee spesifieke liedjies wat ons baie na aan die hart lê. Hierdie is nie net liedjies nie; dit is deel van ons JF-kultuur en tradisie.

Toe "Summer of 69" en "Sweet Caroline" oor die luidspreker opklink, het elkeen van die sestig graad 11's uit volle bors saamgesing. Dit was 'n ware hoendervleisoomblik.
Die res van die kamp het meer gefokus op persoonlikheidsontwikkeling. Daar was 'n hele paar sessies waartydens verskillende sprekers die JF-leerders toegespreek het, en ek kan met sekerheid sê dat die leerlinge aan hul lippe gehang het.
Die sprekers het nuwe perspektiewe oor leierskap en persoonlike opinies aan die leerlinge uitgewys. Dan was daar ook sessies wat meer oor die geestelike aspekte van die lewe gegaan het. Ek is seker die leerlinge het ook tot nuwe insigte oor hul verhouding met God gekom.
Na 'n naweek van ver stap, honderde foto's neem en wegduik van blare in die berugte "Lover's lane" het die JF-leerlinge met seer voete, maar met honderde herinneringe die pad terug Bloemfontein toe aangepak.





# Die week se foto's:






# Die week se foto's:



## Bellissima Huis Horison


Hoërskool
Jim Fouché
bied aan:
20 Sept '25
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar
op Karri en
Quicket
VAT
VLAM
• Bring jou eie piekniekmandjie
met kos en drinkgoed
• Kos- en koeldrankstalletjies sal
beskikbaar wees
• Groot opelugsokkie
• Hekke open om 17:00
Barto
Kom geniet 'n aand vol musiek en ontspanning

**STONEY'S**
**Wheel & Tyre**

Hoërskool
Jim Fouché

# GHOLFDAG

## 2 Oktober 2025

Schoemanpark
Bbs scramble drive (Drive only)

| R 500 per persoon | R2000 per 4-bal span |
| --- | --- |

4 BAL-KOSTE SLUIT IN:

- Registrasie
- Middagete
- 'Goodie bag'
- Ligte aandete

**Groot pryse vir almal!!**


**VIR NAVRAE, BORGSKAPPE EN INSKRYWINGS KONTAK:**
Merice - 082 908 9061
bemarking@jf.co.za

# Baie dankie aan ons advertensie borge!

- Wirulink
- Awerbuchs
- Toyota
- Frogfoot
- CTU Training Metro Real Estate
- NTT Suzuki
- Efficient Group
- Akademia
- McDonalds
- OVK
- Free State Paving
- FS Apparel
- Panarotti's
- ChemDry
- Build it
- OHS Consultants
- Impa
- Jewel Craft
- Itau Animal Feed
- Engen
- Big Sky Coaches
- Handy In
- Local Choice Apteek - GardeniaPark
- R&L Engineering
- Legacy Invest
- SA Home Loans
- Loots Plumbers
- Platinum Global

Baie dankie aan ons advertensie borge!


PETTE R166
VISOR R166
ONDERSTEUNERS
WIT KORTMOU KATOENHEMP
TOPS R580
GOLFERS R340
BREËRANDHOED R230
BUFFS
R100
JF BAND R60
BREËRANDHOED R230
Bestel en betaal op Karri
karri
LIP BALM R30
R80
#TROTSJF

MATRIEKKLAS VAN 2015

JIM FOUCHÉ

# 10 JAAR

# Reünie

**Tien jaar later is hierdie jou kans om weer te lag oor ou stories en nuwe hoofstukke te deel met mense wat weet waar jy begin het.**

Vrydag, 19 September, 17:00

**Informele Piekniek - gratis**

Bring jou eie pousekos en kom kuier informeel saam voor die snoepie.

Saterdag, 20 September, 18:00

**Hoof Reünie - R100**

JF Vat Vlam - Barto vertoning met ons eie kuierarea. Bring eie glase en drinkgoed. Vure & worsbroodjies word verskaf.

**RSVP & BETAAL VOOR 10 SEP**

# LEKKER ETES

## TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!



**HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKLIKE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!**

**MIDDAGETE: SLEGS R30**
**AANDETE: SLEGS R50**

**ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.**

# Huis Anton van Wyk

**KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:**
**084 886 7419**
**ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA**

## JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!

# Die Kiepersol




Die Kiepersol

HOERSKOOL JIM FOUCHE

SAAI OM TE OES









# ANTON VAN WYK



# KOSHUIS

*"huis weg van die huis"*

Anton van Wyk Koshuis

jf_anton_van_wyk_koshuis

jobtaylor690905@gmail.com

**083 566 5369**